# LES 6 GOD HET HOMSELF MET TWEE SOORTE BELOFTES AAN ONS VASGEMAAK: DIE EERSTE IS DIE ABRAHAMSBELOFTE

**Oefening**: 1. Volgens Galasiërs 4:28, wie se kinders is ons?  2. Watter belofte van die Here maak ons kinders van God?

## 1. God se verbond met ons

In Les 4 het ons gesien wat is die verbond is: dit is beloftes wat God maak en met ŉ eed waarborg. Ons kan die verbond maklik in die Bybel uitken. Dit is dele in die Bybel waar Hy vir gelowiges sê: "Ek sál".

> In hierdie volgende twee lesse gaan ons ontdek dat die genadeverbond van die Here bestaan uit twee soorte beloftes: die beloftes aan Abraham en die beloftes aan Dawid.

## 2. Die Here het Homself met beloftes aan Abraham en sy nageslag vasgemaak

Kom ons lees Gen.12:1 tot 4: *" Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af, na die land toe wat*

- *Ek vir jou sal aanwys.*
- *2 Ek sal jou ŉ groot nasie maak,*
- *Ek sal jou seën en jou ŉ man van groot betekenis maak, en jy moet tot ŉ seën wees.*
- *3 Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees"*

*4 Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die Here, en Lot het saam met om getrek. Abram was vyf en sewentig toe hy uit Haran weggetrek het."*

Abram was 'n Semiet wat gebore is in die stad Ur. Dit is in die omgewing wat vandag Saudi- Arabië is. Die verbond is aan Abram gemaak in 'n plek met die naam Haran. Dit is in Irak. Abram en sy familie was afgodsdienaars. Hulle het geglo die maan is 'n god en het die maan aanbid. So ongeveer in die jaar 1770 voor Christus, maak God Abram toe deel van sy beloftes.

Kyk hoe praat die Here met Abram! Hy praat op só: "Ek sál".

Elke "Ek sal" is ŉ belofte waarmee God Homself aan Abram vasmaak:

1. God sal vir Abram **'n land** wys waarin hy kan bly.
2. God sal Abram **'n groot nasie** maak.
3. God sal Abram **seën**.
4. God sal almal **seën vir wie Abram seën**.
5. God sal almal **vervloek vir wie Abram vervloek**.

Seën beteken om dit met iemand te laat goed gaan, en vervloek beteken om dit met iemand te laat sleg gaan.

God maak Hom met hierdie beloftes aan Abraham en sy kinders en sy kleinkinders vas. Dit is God se ondernemings wat Hyself met 'n eed waarborg.

### 3. Die volledige samevatting van die beloftes aan Abraham: Esegiël 36: 23 -40 en Jeremia 31: 31 – 34

Ons het hierdie twee teksgedeeltes nou al 'n paar keer saamgelees. Dit is omdat ons in hierdie twee gedeeltes 'n kort, maar volledige samevatting kry van al die beloftes van die Here aan Abraham en sy nageslag.

Kom ons lees Esegiël 36: 23 -30 saam.

*23 "Ek sal die heiligheid van My groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is", sê die Here my God"*
*24 Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat en julle na julle land toe bring.*
*25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi dat julle rein kan word.*
*Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery.*
*26 Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee,*
*Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.*
*27 Ek sal my Gees in julle gee en*
*Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.*
*28 Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het,*
***Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees**.*
*29 Ek sal julle bevry van alles waarmee julle julle verontreinig het;*
*Ek sal die graan aanspreek en sorg dat dit baie is;*
*Ek sal nie weer hongersnood oor julle bring nie.*
*30 Ek sal sorg dat daar baie vrugte aan die bome is en groot oeste op die lande sodat julle nie*
*weet die vernedering onder die nasies beleef dat julle hongersnood het nie.*
*31 Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie en julle sal 'n afsku hê van julle self oor julle sonde en afskuwelike dade."*

Hierdie beloftes in Esegiël is presies dieselfde beloftes as die beloftes aan Abraham. Die Israeliete het God se genadeverbond verwerp. Toe maak God hulle deel van sy wetsverbond. As teken van hierdie verandering van verbond, het die Here hulle uit die land wat Hy aan Abraham beloof het, weggevat en weer presies na die plek gevat waarvandaan Abraham gekom het voor hy deel van die genadeverbond was en nog afgode aanbid het: Babilonië.

Wat ons kort saamgevat in Gen.1 gehoor het, is nou hier in Esegiël 36:24 – 36 volledig uitgespel. Die verbond in Genesis 12 en Esegiël 36 is dieselfde verbond.

Daarom noem ons al hierdie beloftes wat in hierdie samevatting voorkom: die Abrahamsbeloftes.

Dit is die eerste keer aan Abraham só bekendgemaak.

**4. <u>Die Abrahamsbelofte bestaan uit verskillende soorte beloftes</u>**

Die Abrahamsbelofte bestaan uit verskillende soorte beloftes wat elkeen van die ander verskil.

Kom ons toets dit!

Gesels saam oor hoe al hierdie volgende beloftes van mekaar verskil!

1. Is die een belofte maar presies dieselfde as die volgende een, of verskil hulle van mekaar?
2. Hoe verskil hulle van mekaar?
3. Kan julle die beloftes en teksgedeeltes bymekaar uitbring?

- Die Here onderneem om ons weg te vat uit al die groepe wat in sonde leef.
  (*Ek sal julle wegvat tussen die heidense nasies wat afgode aanbid*)

- Die Here onderneem om ons deel te maak van 'n groep mense wat Hom wil eer en dien.
  (*Ek sal julle na julle land toe bring*)

- Die Here onderneem om ons met 'n teken te merk wat wys ons is syne.
  (*Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi*.)

- Die Here onderneem om ons bygeloof en sondeskuld weg te vat.
  (*Ek sal julle reinig van onreinheid en afgodsdiens*.)

- Die Here onderneem om ons 'n hart te gee wat Hom en sy gebooie liefhet.
  (*Ek sal julle 'n nuwe hart en gees gee*)

- Die Here onderneem om ons hart wat net sonde wil doen en net afgode glo, weg te vat.
  (*Ek sal die kliphart uit julle wegvat*.)

- Die Here sal ons self in sy liefde insluit.
  (*Ek sal my Gees in julle gee*.)

- Die Here onderneem om op so 'n wyse te regeer dat ons sy gebooie sal kan gehoorsaam.
  (*Ek sal maak dat julle volgens my gebooie leef*.)

- Die Here onderneem dat ons aan Hom sal behoort en by Hom sal tuiswees.

(*Julle sal my volk wees en Ek julle God*.)

- Die Here onderneem om ons vry van elke en alle sondemag te maak.
  (*Ek sal julle bevry van alles waarmee julle julle verontreinig het*.)

- Die Here onderneem om vir ons daaglikse behoeftes te sorg.
  (*Ek sal die graan aanspreek en sorg dat dit baie is.*)

**5. <u>Hierdie verskillende beloftes vorm saam ’n eenheid.</u>**

Hierdie groep beloftes hoort bymekaar. Al verskil hierdie beloftes van mekaar, vorm hulle ’n eenheid. Die een pas so in die ander een in dat hulle nie van mekaar geskei kan word nie, al is elkeen ’n heel ander tipe belofte.

Die Here maak ons godsdienstig. Dit is die doel van die beloftes. Dit is hoe hulle moet werk.

Hierdie beloftes kan geen diens aan die Here skep as hulle nie almal saam as ’n eenheid, wáár is in jou lewe nie.

Dit is soos ’n motor se enjin. Elke deel van die enjin is iets op sy eie: ’n vonkprop is iets anders as ’n vonkverdeler, ’n suier is iets anders as die blok en die lugfilter is iets anders as die battery. Maar hulle moet elkeen daar wees en werk voor die motor kan ry.

Dit is hoe die Abrahamsbeloftes werk in ons lewe. God maak verskillende soorte beloftes in die Abrahamsbelofte. Elkeen moet deel wees van my lewe voor een van hulle werk. Hulle kan nooit een-een, of net ’n paar nou en dan weer ’n paar later, werk nie.

Kom ons toets dit weer!

- Kan jy die Here dien as Hy jou skuld vergewe, maar jy leef in sonde saam met mense wat sonde goedvind en goedpraat?

- Kan jy die Here dien as Hy jou deel maak van ’n groep mense wat in Hom glo, maar jy bly in afgode glo?

- Hoe sal jy die Here dien as Hy altyd jou sondeskuld wegvat, maar jy wil in jou hart niks anders doen as sonde nie en jy is nie lus vir sy wet nie?

- Sal jy die Here kan dien as Hy jou skuld vergewe, maar jou nog steeds los binne al die mag waarmee sonde ’n mens vasbind?

Hierdie beloftes gaan saam. Hulle móét saamgaan. Dit kan nie so werk dat die Here een jaar ons skuld wegvat, die ander jaar ons verharde harte verander, die jaar

daarna ŉ nuwe hart gee en dan ŉ paar jaar later sy Gees in ons gee nie. God se onderneming teenoor Abraham en sy kinders is altyd ŉ pakket.

Hierdie pakket van ondernemings soos ons hulle hier gelees het, noem ons –

**die Abrahamsbelofte**.

**6. <u>Die kode vir ŉ hele groep ondernemings</u>**

Die skrywers van die Bybel het ŉ baie spesiale kode gehad waarmee hulle hierdie pakket ondernemings van God aangedui het. Daar is net ŉ paar gedeeltes in die Bybel waar al die beloftes van die Abrahamsbelofte so bymekaar volledig gegee word.

Die meeste van die tyd gebruik die Bybelskrywers ŉ kort kode vir al hierdie beloftes. Met hierdie kode word altyd al die beloftes bedoel, maar net met ŉ kodewoord aangedui. Kyk weer na vers 28! Hierdie is die kode waarmee al die beloftes saamgevat word:

**Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees**

Ons moet hierdie kode in die Bybel kan ontsyfer, anders sal ons baie moeilik die boodskap van die Bybel kan verstaan. Elke keer as jy hierdie kort kode lees, waaroor gaan dit? Hoe sal ons God se volk wees en Hy ons God?

Ons sal sy volk wees omdat Hy die Abrahamsondernemings vir ons waargemaak het: Hy sal ons skuld wegneem, ons harde harte wegneem, ons harte gee wat Hom liefhet, ons sy Gees gee en ons bymekaar maak tussen sondaars uit. Op so wyse sal ons God se volk wees.

Hoe sal Hy ons God wees?

Hy sal vir ons die Abrahamsbeloftes waar maak. Elke keer as ons hierdie kort kode lees in die Bybel: "Julle sal my volk wees" of "Ek sal julle God wees", dan moet ons weet dit gaan oor al hierdie beloftes wat God vir ons gaan waar maak. Hy maak vir ons die hele pakket ondernemings waar.

Opsomming:

1. God se verbond bestaan uit twee soorte beloftes: die Dawids- en Abrahamsbeloftes.
2. Die Abrahamsbeloftes is eerste aan Abraham bekend gemaak.
3. Die volledige samevatting van hierdie beloftes kry ons in Jer. 31en Esegiël 36.
4. Die Abrahamsbelofte bestaan uit verskillende soorte beloftes wat ŉ eenheid vorm.

**7. <u>Oefening</u>**

1. Maak jou Bybel by die samevatting van die Abrahamsbelofte oop in Eseg.36:

24-36,

2. Vergelyk hierdie samevatting met die volgende tekste, en

3. Kyk of hierdie samevatting jou help om te sien watter van die Abrahamsbeloftes kom in hierdie tekste voor.

**Voorbeeld:** Romeine 6 vers 22: *"Maar nou – julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde daarvan is die ewige lewe."*

Vergelyk 'n mens hierdie vers met Esegiël 36: 24-36, dan sien ons dat in Eseg. die Here beloof dat Hy ons sal vrymaak van alles waarmee ons onsself verontreinig het, sodat ons Hom kan dien, en in Romeine 6:22 gaan dit ook oor God wat ons vrymaak van sonde en in sy diens stel. Romeine 6:22 gaan dus ook oor die Abrahamsbelofte.

Doen nou hierdie oefening met die volgende verse:

a. Psalm 23 vers 6   b. Psalm 51verse 8 tot 15   c. Miga 7 verse 18 tot 20